

Saterdag 8 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 13:1-27

Fokusgedeelte: Jeremia 13:25-27 (1983-vertaling)

Sondaars ken net een pad, mits God ingryp!

In hierdie hoofstuk kry ons die eerste van 'n paar aktiewe gelykenisse ('n aksie met 'n dieper betekenis) in die profesie van Jeremia. Die profeet moes 'n linnegordel in 'n klipskeur by die Eufraat gaan begrawe het. Na 'n lang ruk moes hy weer die linnegordel gaan uithaal het. Soos verwag, het die linnegordel sodanig verweer sodat hy nie meer as 'n gordel gebruik kon word nie.

Die boodskap is duidelik: Juda was deur God self uitgekies om binne 'n intieme verbondsverhouding naby God te lewe. Soos 'n kosbare linnegordel moes hulle 'n sieraad vir God gewees het, maar hulle voortdurende sonde het hulle hierin laat misluk. Daarom gaan God die volk en die konings “dronk maak”, wat daarop wys dat God hulle gaan veroordeel. God gaan vaders en hulle kinders soos kruike teen mekaar slaan en verpletter. Soos 'n donker nag wat nader kom, het die ondergang van Juda al hoe nader gekom, maar hulle wou nie, hulle kon nie hulleself red nie!

Die mens is so geneig tot sonde dat hy nie die goeie kan doen nie. Net soos geen mens sy velkleur kan verander nie, of net soos 'n luiperd nie sy kolle kan verander nie (vs 23), kan geen mens op sy eie hom/haarself uit hierdie ellendige situasie waarin ons sonde ons dompel, red nie. Op die vooraand van hulle ballingskap is dit of die einde van Juda en sy koningshuis ook soos Paulus dit uitroep: “*Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?*” (Rom. 7:24). Goddelike ingryping is nodig. Wat God natuurlik ook gedoen het. Daarom jubel die apostel dit ook uit: “*Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here*” (Rom. 7:25). Nou kan ons weer deur die krag van die Gees die goeie doen.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. HJ Stoltz (Hendrik) (Ontdekkers)